education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## JUNIE 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 'n 6-bladsy addendum.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG**

   VRAAG 1: IDEES VAN RAS – NAZI-DUITSLAND

   **AFDELING B: OPSTELVRAAG**

   VRAAG 2: IDEES VAN RAS – NAZI-DUITSLAND

2. AFDELING A bestaan uit EEN (1) brongebaseerde vraag. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vraag te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit EEN (1) opstelvraag.

4. Daar word van jou verwag om AL die vrae te beantwoord.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG

Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vraag te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSE TEORIEË OP NAZI RASSEBELEID IN DIE 1930's EN 1940's?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Definieer die begrip *sosiale ongelykheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis. Verduidelik wat deur die frase 'Darwin se evolusie teorie' geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

1.1.3 Noem VIER redes uit die bron oor hoekom Sosiale Darwinisme oor die afgelope eeu en 'n half gebruik is. (4 x 1) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink Sosiale Darwinisme nie op die mensdom toegepas kan word nie. (1 x 2) (2)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die gevolg van die implementering van die Wet vir die Voorkoming van Erflik Siek Nageslag? (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik die begrip *eugenetika* in die konteks van Sosiale Darwinisme. (1 x 2) (2)

1.2.3 Noem VIER kategorieë van mense wat die Nasionaal-Sosialiste vir sterilisasie geïdentifiseer het. (4 x 1) (4)

1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis. Verduidelik hoe eugenetika die menseregte van nie-Ariërs wat in Duitsland woon, geskend het. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die bron, is lede van Theresia se familie in 1941 na die Gestapo-hoofkwartier gebring? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis. Verduidelik hoe die fundamentele regte van babas deur die Duitse eugenetiese program geskend is. (2 x 2) (4)

1.3.3 Lewer kommentaar oor hoekom jy dink dat Theresia het haar baba gegryp en gevlug het. (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik hoekom jy dink die Nazis hierdie foto geneem het. (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik die beperkings van hierdie foto aan historikusse wat Nazi-rassebeleide in Duitsland gedurende die 1940's nagevors het. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D met betrekking tot die implementering van eugenetika-beleide in Duitsland weerspreek. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die impak van Pseudo- wetenskaplike rasseteorieë op Nazi-rassebeleide in die 1930's en 1940's. (8)

**TOTAAL [50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAAG

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 2: Idees van ras

Verduidelik tot watter mate die Nazi-beleide deur die Eugenika-beweging en Sosiale Darwinisme in Duitsland tussen 1933 en 1945 beïnvloed is. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou